

Vermy die springmielies



1. 'n Paar vooraf opmerkings

Aan die einde van hierdie dokument word 'n woordeskatblad gegee. Dit bevat woordeskat wat uit die laaste paar hoofstukke van *Mia en Miaau-Miaau*, *moles*, *manewales* en *monsters* geneem is. Druk dié blad uit, sodat die leerders dit vir terugverwysing in hul werkboeke kan plak. Onderrig hierdie woordeskat eksplisiet, voordat daar voortgegaan word met die speletjie. Beskou die speletjie dus as die konsolidering van kennis.

Laai die hulpmiddel "Woordeskatkaartjies" af. Dié kaartjies bestaan uit *terminologiekaartjies* met 'n woord of 'n uitdrukking wat uit die woordeskatblad kom, asook 'n paar kaartjies met springmielies op. Laai ook 'n springmieliehouer vanaf Twinkle af (https://content.twinkl.co.uk/resource/f8/10/t-ad-1642417609-blank-popcorn-net-design-template_ver_1.pdf?__token__=exp=1696587215~acl=%2Fresource%2Ff8%2F10%2Ft-ad-1642417609-blank-popcorn-net-design-template_ver_1.pdf%2A~hmac=cbd411f8388338dae834950d39ed90257708b4ff381fd02a9de6240c589f2f70).


Figuur 1: 'n Voorbeeld van 'n terminologiekaartjie



Figuur 2: 'n Voorbeeld van 'n springmieliekaartjie



Figuur 3: Die springmieliehouer



2. Wat doen jy volgende?

- Bepaal of die leerders in pare of spanne verdeel gaan word en maak genoeg afskrifte van die hulpmiddel “Woordeskatkaartjies” en die springmieliehouers vir al die pare leerders of spanne.
- Bepaal watter woordeskat ingesluit gaan word deur keuses uit die terminologiekaartjies te maak. Onthou om die springmieliekaartjies by hierdie terminologiekaartjies te sit.
- Gee dan die terminologiekaartjies en springmieliekaartjies (d.w.s. die woordeskatkaartjies) vir elke paar leerders of span.
- Gee ook ’n uitgedrukte springmieliehouer vir elke paar of span en laat die leerders dit uitknip, aanmekaarsit en versier.
- Versoek ook dat hulle die woordeskatblad wat in hul boeke geplak is, byderhand moet hou.

3. Hoe werk Vermy die springmielies?

Nadat die leerders die springmieliehouer versier het, skommel hulle die woordeskatkaartjies (die terminologiekaartjies en springmieliekaartjies) en plaas dit in die springmieliehouer.


Elke leerder (wat teen ’n ander leerder speel) of span (wat teen ’n ander span speel) kry die geleentheid om ’n terminologiekaartjie uit die springmieliehouer te trek.

Hierna moet hulle ’n regte dobbelsteen of ’n virtuele dobbelsteen (<https://freeonlinedice.com/>) rol. (Om die virtuele dobbelsteen te rol, kan leerders van hul fone gebruik maak.)

- As die dobbelsteen op ’n 1 land, moet die woord **gedefinieer** word.
- As die dobbelsteen op ’n 2 land, moet die woord **in ’n sin gebruik** word.
- As die dobbelsteen op ’n 3 land, moet die leerder die woord **visueel voorstel**.
- As die dobbelsteen op ’n 4 land, moet die leerder verduidelik **saam met watter ander woord(e) hierdie woord nie gebruik word nie**. Byvoorbeeld, die woord “behulpzaam” word nie saam met “lui” gebruik nie.
- As die dobbelsteen op ’n 5 land, kan die leerder die betekenis van die woord deur bv. stomstreke of handgebare **uitbeeld**.
- As die dobbelsteen op ’n 6 land, kan die leerder aandui met watter **situasie** in hul lewe hulle die woord assosieer.



As hulle die opdrag korrek uitvoer, hou hulle die kaartjie. Indien nie, word die kaartjie terug in die houer gesit.



Maar pasop! Sodra 'n springmieliekaart getrek word, moet die betrokke leerder/span al die kaartjies wat reeds in hulle besit is, terug in die houer sit.

Die leerder/span met die meeste kaartjies wen.

Die **doel** van die speletjie is om elke keer wanneer 'n terminologiekaartjie getrek word die opdrag daarvoor korrek uit te voer, sodat soveel terminologiekaartjies as moontlik bymekaargemaak word. Die leerder of span met die meeste terminologiekaartjies wen.

4. Alternatiewe onderrigidees

- Omdat jy as onderwyser self kies watter woordeskat deel van die speletjie vorm, kan die speletjie herhaal word om woordeskat in te sluit wat nog nie betrek is nie.
- Hergebruik die springmieliehouer. Sê vir die leerders dat ons springmielies by die flik koop, want dit verhoog jou flikervaring. Net so is daar sekere woorde wat soos springmielies 'n stuk teks interessanter maak. Kom ons noem dit springmieliewoorde. Hulle moet sulke springmieliewoorde identifiseer wanneer hulle deur 'n tydskrif blaai, of na Mamma, Pappa, Boetie of Sussie luister, en hierdie woorde saam met die betekenis daarvan op 'n stukkie papier skryf en in die springmieliehouer plaas. Die onderwyser kan elke week 'n paar woorde uit die houer trek. Die leerder wat die woord in die houer gegooi het, kan die woord hardop lees en die betekenis daarvan gee.

5. Woordeskatblad

afgeleef – swak weens ouderdom

astrant – parmantig

baklei soos kat en hond – altyd baklei; erg baklei

beklink – iets finaal maak of afhandel

benoude boude – baie bang

boewe – diewe

dapper – glad nie bang nie

dat die stof so staan – vinnig

deur die mat val – misluk of afgestel word

die bal aan die rol sit – met iets begin

Die son trek water. – wanneer die son ondergaan/sak

Die kool is nie die sous werd nie. – dit is nie die moeite werd nie

die kluts kwytraak – deurmekaar raak [In Nederlands word dieselfde uitdrukking gebruik, naamlik “de kluts kwijt zijn”. Hierdie uitdrukking kan moontlik teruggevoer word na die handpapiermakery. Wanneer die mense beheer verloor het om die papiervloeistof eweredig oor die vorm te versprei, het hulle die kluts kwytgeraak.]

dissel(s) – ’n plant met stekelrige blare en wollerige, perswit blomme

doffel – ’n ou dommie

gabba – maat

gedrog – ’n lelike wese of ding; ’n monster

gis – wonder

goor – onaangenaam; teleurstellend

iemand oorval – iemand onverwags aanval

iemand se arm draai – iemand oorreed om iets te doen

iets op hande hê – iets wat gedoen moet word

in die vuus lag – stilletjies lag

in 'n oogwink – gou-gou

jou litte roer – gou maak

jou moses teëkom – moeilikheid of probleme kry van iemand wat sterker of slimmer is as jy

jou ore nie glo nie – nie kan glo wat jy hoor nie; baie verbaas wees

kattemaai – luidrugtig speel/baljaar

katte en honde reën – baie hard reën

Klaas Vakie – sprokiesmannetjie wat teen slaapyd kastig sand in kinders se oë strooi sodat hulle kan slaap

klopdisseboom verloop – alles gaan goed en reg

knibbel – stukkies vir stukkies in klein stukkies afbyt

knoei – iets agter iemand se rug doen

knus – gemaklik, warm en gelukkig

kordaat – dapper

laat wiel – vinnig wegtrek, spore maak

lugloop – baie vinnig padgee

met iets akkoord gaan – saamstem

'n broodjie in die oondjie hê – 'n baba verwag

'n oog vir 'n oog, en 'n tand vir 'n tand – 'n straf moet pas by die oortreding

'n plan fnuik – keer dat iemand iets doen

'n stuiwer in die armbeurs gooi – saampraat, al het wat jy te sê het, nie juis waarde nie ['n Stuiwer was 'n ou munt wat ongeveer 'n halfsent (hoewel ander weer sê kwartsent) werd was. As jy jou stuiwer gegee het, kon jy saampraat.]

neul – lastig wees en aanhoudend iets vra

nesskrop – jou gemaklik maak





onaards – baie vreemd

ondier – 'n lelike wese wat mense bang maak

ongeërg – baie kalm wees en maak asof jy glad nie belangstel nie

oorstelp – deur iets oorweldig wees

op jou neus kyk – verleë, skaam, of teleurgesteld wees of so voel

rumoer – 'n groot lawaai of geraas

sinister planne – iets gevaarliks of onwettigs

skrik nie vir koue pampoen nie – skrik nie sommer vir enigiets nie

skouer van die pad – enigeen van die twee stroke aan weerskante van 'n pad

so reg soos 'n roer – doodreg [Die woord “roer” kan na 'n geweer, die toestel agteraan 'n skip waarmee dit gestuur word, of die beweegbare toestel agteraan 'n vliegtuig om sy koers te bepaal, verwys. As jy sê iets is so reg soos 'n roer (of doodreg), sê jy dit is so reg(uit) soos 'n roer of geweer, of so reg soos die roer van 'n boot wat dit in die regte rigting laat vaar, of so reg soos 'n roer van 'n vliegtuig wat sy koers reg bepaal.]

soos 'n groot speld verdwyn – spoorloos wegraak

swetterjoel – klomp

teëkom – êrens sien of raakloop

tranetrekker – iets wat mens hartseer maak

Van waar, Gehasi? – Waar kom jy vandaan? [Hierdie uitdrukking kom uit die Bybel waar Gehasi agter Naäman aangehardloop het om van sy skatte vir homself te vat, alhoewel sy meester, Elisa, gesê het dat hy nie Naäman se geskenke wil hê nie. Wanneer Gehasi terugkeer by sy Meester se huis, vra Elisa: “Waar kom jy vandaan, Gehasi?”]

verheug – baie bly wees

voet in die hoek sit – vinnig ry